


# Die verskil tussen die koppelwerkwoord *is* en *word*

Koppelwerkwoorde dui betekenisgewys op ’n **toestand**. Met ander woorde, dit dui ’n **manier van wees** aan. Die werkwoord *is* word gebruik wanneer iemand/iets nóú in ’n sekere toestand verkeer, terwyl *word* op die *oorgaan* van een toestand na ’n ander toestand dui. Hoe kan addisioneletaalleerders hierdie onderskeid ontdek?

**Instruksies:**

- Gebruik die meegaande PowerPoint in die klaskamer.
- Op die eerste vier skyfies word ’n prentjie vertoon saam met ’n sin waarin ’n woord ontbreek. Wys telkens die prentjie, en lees die sin hardop. Byvoorbeeld, wys die onderstaande prentjie, en en lees die sin *Die man is ’n ____* hardop.
- Die leerders moet die ontbrekende woord voorsien deur die prentjie as leidraad te gebruik.



- Verduidelik vervolgens dat wanneer ’n mens wil wys dat **iemand nóú ’n sekere manier is *is* gebruik word**.
- Vertoon die skyfie waar al die sinne waarin *is* voorkom vir die leerders voltooi is. Lees dit saam met hulle.
- Op die volgende paar skyfies moet die betekenis van *word* afgelei word. Wys die prentjie van die student. Verduidelik dat sy ’n universiteitstudent is wat verder studeer om ’n onderwyser te word. Vra of die student nou al klaar ’n onderwyser is. As hulle “nee” antwoord, kan jy aandui dat hulle korrek is. Die student is besig om vir ’n onderwyser te studeer. Daarom word *word* gebruik: *Sy **word** 'n onderwyser*.
- Gee nog so ’n voorbeeld. Wys die prentjie van die melk. Vra wat hulle sien. Die antwoord behoort *melk* te wees. Vra dan of jy jou vingers kan klap, en dan is die melk kaas. As hulle “nee” antwoord, kan jy aandui dat hulle korrek is. Melk moet deur ’n proses gaan om kaas te word. Die melk is besig om kaas te word, daarom word *word* gebruik: *Die melk **word** kaas*.
- Gee ’n laaste voorbeeld. Wys die video van die seun wat kwaad lyk, maar begin glimlag. Vra of die seun reeds vriendelik is, sodra hulle die video begin kyk. Hulle behoort “nee” te sê. Hy is in die proses om vriendelik te word: *Die seun word **vriendelik**.*
- Verduidelik nou wanneer ’n mens wil dat iets **verandering ondergaan, word *word* gebruik**.
- Vertoon die heel laaste skyfie. Wys hoe ’n statiese toestand met *is*, en ’n veranderde toestand met *word* uitgedruk word.

